# UIT DIE PEN VAN DIE CEO (38/18)

(Volg my op Twitter justchad_cga)

Justin Chadwick 21 September 2018

CGA CITRUS SUMMIT
12 - 14 March 2019
Grow the Future, Together
Balancing growth and inclusivity
Proudly sponsored by Standard Bank

***"Man's mind, once stretched by a new idea, never regains its original dimensions" Oliver Wendell Holmes Jr.***

## CRI TEGNIESE TOEKENNING 2018

Volgens tradisie het dr Vaughan Hattingh diegene erken wat tot die sukses van Suider-Afrika se sitrusbedryf bygedra het, deur hulle met die CRI Tegniese Toekenning te beloon. Hierdie is 'n uittreksel uit die toekenningsrede by die onlangse CRI Sitrus Simposium:

*Die ontvanger het 'n BSc (Agric) en Honneursgraad in Hortologie aan die Universiteit van Stellenbosch behaal. Hy het sy navorsingsloopbaan as deel van die kultivar-ontwikkeling- en kwekery-sertifiseringspan begin. Daarna het hy 'n MSc Agric aan die Universiteit van Pretoria voltooi en toe 'n PhD aan die Universiteit van Kalifornië, Riverside. By sy terugkeer na Suid-Afrika is hy as 'n tuinboukundige navorser by OCC in Nelspruit aangestel, voordat hy in 1988 as Bestuurder: Produksie Navorsing in 1988 aangestel is. In die 1990's het hy homself by die Universiteit van Stellenbosch geplaas en later na Kalifornië verskuif. As hortoloog het hy internasionale erkenning vir sy navorsing oor vrugkwaliteit en produksieverbetering behaal. Dit sluit inkorporering van ureum in winterspuitprogramme om blom en vrugset onder Suid-Afrikaanse toestande te verbeter, in. Dit is gevolg deur die ontwikkeling van strategieë om sintetiese ouksiene en gibberilliensuur te gebruik om die opbrengs en vruggrootte te verbeter. Hy was ook instrumenteel in die bedryf se implementering van Ope Hidroponiese Sisteme en optimale snoeitegnieke. In die vroeë 1990's het die bedryf vining sy sagte sitrus aanplantings uitgebrei, met baie min produksieriglyne vir produsente beskikbaar. Hy het die navorsing gelei wat effektiewe verbouings- en bestuurstegnieke vir die winsgewende produksie van hierdie kultivars gelewer het. Sy bydraes was instrumenteel om die vinnige uitbreiding van hierdie hoë-waarde-komponent van die bedryf op 'n gesonde wetenskaplike grondslag moontlik te maak.*

*Sy bydraes tot die bedryf het die ontwikkeling van mensekapitaal ingesluit deur 'n sitrus-gefokusde navorsingsprogram by die Departement Hortologie, Universiteit van Stellenbosch, te bou, iets wat nog lank na sy vertrek voortgesit word. Dit het nie net tot uitgebreide wetenskaplike uitsette gelei nie, maar het ook gesogte navorsers en tegniese personeel gelewer, wat self groot bydraes tot die bedryf gemaak het. Hy is 'n man wat altyd 'n gevoel van teenwoordigheid geskep het, wat aan sommiges van ons, bekend is as Dr Blunt. Die ontvanger van hierdie toekenning, vir diegene wat hom nie by hierdie bynaam ken nie, is Etienne Rabe.*

Baie geluk Etienne - welverdiend.

'n Herinnering dat die Citrus Growers Association hul **Algemene Jaarvergadering op Woensdag 26 September 2018** in die Raadsaal van die CRI Navorsingsentrum te Bakerstraat 2, Nelspruit, om 15.00 gaan hou. As jy 'n CGA-lid is en graag wil bywoon, stuur 'n e-pos aan gloria@cga.co.za.

## GEPAK EN VERSKEEP*

***Neem asb kennis dat PPECB probleme met hul stelsels ondervind en nie die data van wat gepak is kon voorsien nie.**

| Tot Week 37<br>Miljoen 15 Kg Kartonne | Verskeep | Verskeep | Aanvanklike Skatting | Nuutste Voorspelling | Finaal Gepak |
|---|---|---|---|---|---|
| **BRON: Agri-Hub** | 2017 | 2018 | 2018 | 2018 | 2017 |
| Pomelo's | 14.6 m | 17.4 m | 16.8 m | 18.6 m | 15.7 m |
| Sagte Sitrus | 12.7 m | 15.2 m | 14.7 m | 17 m | 13.4 m |
| Suurlemoene | 18.3 m | 18.4 m | 20.6 m | 19.9 m | 19 m |
| Nawels | 21.1 m | 25.9 m | 25.7 m | 26.4 m | 21.1 m |
| Valencias | 40.7 m | 38.9 m | 53.9 m | 52.4 m | 53.8 m |
| **Totaal** | **107.4 m** | **115.8 m** | **131.7 m** | 132.9 m | **123 m** |

**DIE CGA GROEP VAN MAATSKAPPYE (CRI, RIVER BIOSCIENCE, XSIT, CGA CULTIVAR COMPANY, CGA GROWER DEVELOPMENT COMPANY & CITRUS ACADEMY) WORD DEUR SUIDER-AFRIKA SE SITRUSPRODUSENTE BEFONDS**